# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D  09:00**

## 'n Heilige lewe voor God! Leef heilig in 'n onheilige wêreld?

**Skriflesing:**
1 Petr 1:13-21
**Teksvers**:
1 Petr 1:16

**Sing**:
Ps 149-1:1,2
Sb 12-2:5
Sb 9:1
Sb 9:11
Ps 97-1:7
Sb 10-1:1
Sb 99-1:1,2,5
Sb 13-3

Om heilig te lewe beteken om anders te wees. Nie anders in die sin van eksentriek of snaaks of anders net om anders te wees nie, maar anders as die wêreldse mens. 'n Christen se lewe moet anders wees as 'n nie-christen se lewe. Dit moet duidelik blyk in jou lewe en in jou lewenswandel. Hoe is dit moontlik om te wandel in die heiligheid van God? Hoe is dit moontlik om heilig te lewe?

- 'n Heilige lewe vereer God.
- 'n Heilige lewe is 'n gehoorsame lewe aan God.
- 'n Heilige lewe is 'n lewe in en deur ons Here Jesus Christus.

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

**S O N D A G A A N D  18:00**

## Daar is geen ander gode nie! Of is daar?

**Skriflesing:**
Deut 6; 1 Kor 8 (Hgl 8:6);
Jesaja 40:25-31

**Teksvers**:
Deut 6:4 (1 Kor 8:6)

**HK** Sondag 34 vr 94,95

**Sing**:
Ps 18-1:1,12,14
Ps 16-1:1,2,3
Ps 71:1,9,12,14
Ps 72-1:4,6,11
Sb 13-3

Die Eerste Gebod is eintlik in wese 'n liefdesverklaring en vra vir 'n liefdesbetuiging as antwoord, 'n liefdesbetuiging in woorde en dade. In lof en lewe. Daar is immers net één God. En Hy wil alleen gedien en geëer word. Afgodery is immers as jy enigiets anders naas/langs God vereer of dat jy iets anders in sy plek vertrou en aanbid (antw 95).

Die vraag is dan: As daar dan werklik net een God is, waarom moet Hy ons dan self waarsku teen sogenaamde ander 'gode'? Erken Hy dalk daarmee dat daar wel ander 'gode' of afgode bestaan?

**Prediker**: Ds Maarten van Helden




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47  Nr 29  28 Augustus 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


# 'n Goeie man pleit vir slegte mense!

Gen 18:16-33

'n Goeie man pleit vir slegte mense. Dit klink nie vir ons goed nie, want in die eerste plek was Abraham ook 'n sondaar. In die tweede plek hoeveel keer het ons nie al gesê en in geselskap gewees waar mense gesê het: "*Boontjie kry sy loontjie! Dit is sy verdiende loon*." Ja ons is dikwels hard en ongenaakbaar teenoor die wêreld en veral hulle wat buite die dampkring van die kerk staan. Maar Abraham, was anders gesind. Abraham was vol van liefde vir God en omgee vir sy medemens. Daarom lees ons in Gen 18 dat Abraham 'n dienaar was.

**Abraham het die Here gedien. <u>Gen 18:1-8</u>**. Daar het drie mans by hom gekom en heel waarskynlik was een die Here in 'n menslike gestalte en Abraham het vir hulle 'n ete voorgesit. Hy word dan ook genoem, **die vriend van God**. 2 Kron 20:7

**Abraham het sy vrou Sara bedien. Gen 18:9-15**

**Abraham het die verlore wêreld bedien. Gen 18:16-33.** God wou Sodom vernietig. Want Sodom was vol van sedeloosheid en perversiteit. Ons sou verwag dat Abraham sou sê, vergeld hulle na hulle sondige lewens. Soos Jona wat nie na Nineve wou gaan om die evangelie te bring nie, maar Nineve vernietig wou sien. Hoeveel keer dink ons nie ook vandag dat die goddelose wêreld, die sondige wêreld, maar vernietig kan word nie. Ons dink hulle verdien dit mos, hulle het gesoek daarvoor, dit is hulle eie toedoen en skuld. Dink ons nie ook vandag maar maklik, ag verdelg tog maar die goddelose nasies nie. Maar wat het Abraham gedoen, **Hy pleit vir slegte mense! Hy pleit vir sondaars!** Abraham was nie haatdraend nie. **'n Goeie man pleit vir slegte mense!**

Abraham wou graag sien dat alle mense tot geloof sou kom en gered sou word! Abraham pleit in nederigheid voor God, dat God Sodom genadig sal wees. Hy neul nie by God nie, maar in nederigheid vra hy vir God, al sou daar net tien gelowiges in die stad wees of God nie die stad sal begenadig nie.

Geliefdes, ook ons moes eintlik verdelg gewees het vanweë ons sondes, maar God het sy Seun Jesus Christus gestuur om vir ons te betaal en nou soos Abraham van ouds, is Hy ook ons pleitbesorger by God. Jesus pleit vir ons op grond van sy kruisdood dat God ons sal begenadig. Dit is daarom ook net vanweë Jesus Christus dat ons as sondaars die ewige lewe ontvang. Kom ons bid ook vir die sondaars in die wêreld. Kom ons bid vir God se genade oor almal. Kom ons bid dat God ons as instrumente sal gebruik in sy diens om die evangelie uit te dra.

Ds Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 18, Ps 105:5    Volgende week: Les 19, Ps 40:4

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas — Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Transoranje Instituut

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mens, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.
1 Timoteus 2:5 en 6

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**28-Aug-22**

| | |
|---|---|
| Esther Hoffman | Blok A |
| Elzabé Barnard | Blok B |
| Leandre Struwig | Blok C |

**04-Sep-22**
Tieners

## Alethea Women's Day

17 SEPTEMBER 2022

09:30 - 12:00

COME JOIN IN A CREATIVE MORNING WHERE WE SHARE THE SPLENDOUR OF GOD.
COFFEE / TEA AND A LIGHT LUNCH WILL BE SERVED.

FREE ENTRY - BUT SAVE YOUR SEAT BEFORE 9 SEPTEMBER 2022
REGISTER WITH ELLIE ON SUNDAY OR ON 082 928 7802

**Isaiah 35:2 - The splendour of our God!**

## Senior Aksie



Maandag, 5 Sept 2022

om 10:00

in die kerksaal

'n Kriminoloog gaan ons kom inlig oor Seniors en Misdaad-voorkoming. Misdaad is aan die orde van die dag en seniors is so kwesbaar.

U hoef nie 'n senior te wees om na hierdie insiggewende praatjie te kom luister nie!

Indien die onderwerp u raak, kom luister gerus! Almal is baie welkom!

## Geestelike Opbou

**11 Sept 2022** na die aanddiens

Prof Herrie van Rooy kom gesels oor:

**Bybelvertaling: waarom en hoe?**

Dit is verbasend hoeveel Bybelvertalings beskikbaar is. In Afrikaans is daar drie wat deur die Bybelgenootskap uitgegee is, met nog ander van gewone uitgewers. Kan 'n mens vertalings vertrou? Op grond waarvan moet 'n mens 'n vertaling beoordeel? Hierdie gesprek hanteer hierdie sake, met toespitsing op die 2020-vertaling.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant**. SARS verwysing: PR0108610. Persoonlike opgawes, Kleinsake en Boere. Skakel 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

**Goedere te koop**: Ongebruikte, Megamaster 2 'burner' gasbraai R2700; 26" dames Raleigh fiets R550; staal liasseerkabinet. R1900. Lydia van Rooyen 082 856 9450.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

## Familiekamp Naweek


23-25 September

### Tema: 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees

Die familiekamp naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

'n Volledige program sal deurgegee word nader aan die datum.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.



# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

### Bybels te Koop by die Kerkkantoor

**Afrikaans 2020 Spesiale Aanbod**
(beperkte voorraad beskikbaar)
Gewone Druk Harde Band R110

**Alle ander amptelike tale:**
Sagteband waar beskikbaar R75
Hardeband R135
Plaas u bestellings vir die volgende Bybels by die kerkkantoor:
**Groot Druk:**
Afrikaans 1983 Harde Band R300
Afrikaans 1983 Leer R525
Afrikaans 2020 Harde Band R325
Afrikaans 2020 Leer R460
**Gewone Druk Leer:**
Afrikaans 2020 R325
**Buitelandse Bybels:**
Frans, Portugees, Chichewa, Shona - Pryse beskikbaar op aanvraag

*Bybelpryse is onderhewig aan prysveranderinge by die Bybelgenootskap*



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Aug | Elke | Nel | B18 | 27824176286 |
| | Elmarie | vd Walt | C03 | 27826501953 |
| 29-Aug | Willy | Bakker | A06 | 27722009778 |
| 30-Aug | Johan | Loock | B13 | 6585051 |
| | Retief | Snyman | A04 | 27836327603 |
| | Wimpie | Swanepoel | A08 | 27833104064 |
| | Nelda | vd Walt | B07 | 27662368177 |
| 31-Aug | Erich | Jacobs | C14 | 27828999176 |
| 01-Sep | Rina | Burger | C06 | 27828538215 |
| | Leonie | Nagel | C10 | 27844072196 |
| | Hein | Venter | C06 | 27833576141 |
| | Chantelle | Zaayman | C10 | 27845007918 |
| 02-Sep | Megan | Gentle | B01 | 27824646893 |
| | Hugo | Herselman | B18 | 27823218005 |
| | Danie | Rheeders | B05 | 27822566028 |
| | Corne | Smuts | A14 | 27828899691 |
| | Martin | Venter | B02 | 27832608041 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31-Aug | Ané | vd Walt | C02 | 27605421769 |
| 02-Sep | Gretha | Grimsehl | C09 | 27732595552 |
| 03-Sep | Mikko | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| | Troy | van Staden | A15 | 27761067724 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Charvette Reesink ondergaan 1 Sept 'n rug-operasie te ZA hospitaal (B3—082 3194 172).
- ***Meelewing*** word betuig met Deon en Sandra Pohl en familie na die afsterwe van Deon se moeder Ansie. Troosdiens vanuit ons kerk is Vrydag, 2 Sept om 10:00.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

### Beroepe ontvang

Ds DJ (Dirk) de Bruyn van GK Middelburg (Oos Kaap) na GK Mosselbaai as medeleraar

### Beroepe bedank

Ds J (Johan) Dunn van GK Keetmanshoop/ Mariental na GK Bothaville.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/